



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2016**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1**

**PUNTE: 180**

**TYD: 3 uur**



---


Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van die drie-uur eksamen is dit belangrik om daarop te let dat jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal voor die einde van die eksamensessie te verlaat nie.
2. Die toesighouer sal 'n disket met AL die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee, OF jy sal ingelig word waar die lêers op die netwerk of rekenaar gevind kan word. Indien 'n disket aan jou uitgereik is, moet jy jou naam op die etiket skryf. Indien jy op 'n netwerk werk, moet jy die instruksies wat deur die toesighouer gegee word, volg.
3. 'n Kopie van die meesterlêers ('*master files*') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.
4. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.
5. Beantwoord AL die vrae.
6. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.
7. Lees deur ELKE vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.
8. Aan die einde van die eksamen moet jy die disket wat deur die toesighouer aan jou gegee is inlewer met AL die antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL die antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is. Maak absoluut seker dat AL die lêers gelees kan word.
9. Gedurende die eksamen mag jy gebruik maak van die hulfunksies van die programme wat jy gebruik. Jy mag GEEN ander hulpbronnemateriaal gebruik nie.
10. Indien data uit 'n vorige vraag wat jy nie kon beantwoord nie afgelei word, moet jy steeds voortgaan met die vrae wat volg.
11. Tensy anders vermeld, moet formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in vrae wat sigbladwerk ('*spreadsheets*') behels, gebruik word. *Absolute-selverwysing* moet slegs waar nodig gebruik word om te verseker dat die formules korrek is wanneer hulle na ander selle in die sigblad gekopieer word.
12. In ALLE vrae wat woordverwerking behels, moet die taal op *English (South Africa)* gestel word. Die papiergrootte word as *A4-portret* ('Portrait') aanvaar, tensy anders aangedui.
13. In Aanhangsel A word die HTML-aanhegsels voorsien.

14. Die eksamengids/datadisket wat jy gaan ontvang saam met hierdie vraestel, bevat die volgende lêergids en lêers wat onder aangedui word. Maak seker dat jy die lêergids met AL die lêers het voor die eksamen begin.



## SCENARIO

Baie mense is nie bewus daarvan dat hulle 'n hartaanval het nie. Hartkwale is een van die top drie oorsake van sterftes in Suid-Afrika, deur bewus te wees van die tekens van 'n hartaanval, mag dalk net jou lewe red of die lewe van die mense naby jou. Die *Heart and Stroke Foundation South Africa* beveel aan dat elke lid van die publiek hulle hartgesondheid sal laat assesseer. Gaan jy wag tot jy deel van die statistiek word? Of gaan jy iets daaraan doen?



Die skool vra die Graad 12-leerders om behulpsaam te wees in 'n veldtog om mense bewus te maak van die waarskuwings en simptome van 'n hartaanval en ook die voorkoming daarvan.

## VRAAG 1: WOORDVERWERKING

'n Dokument is ontwerp om agtergrond inligting te verskaf oor Hartaanvalle en die oorsake, simptome en remedies.

Maak die woordverwerkingsdokument **1\_Heart Info** oop.

- 1.1 Die dokument het 'n voorblad (*cover page*). Maak die volgende veranderinge aan die voorblad (*cover page*).
  - 1.1.1 Pas 'n kleinhooflettereffek (*small caps*) toe op die abstrak (*abstract*) wat voorkom op die voorblad (*cover page*). (1)
  - 1.1.2 Voeg 'n sagte reghoekige randprentjie styl (*soft edge rectangular picture style*) om die prentjie wat voorkom op die voorblad (*cover page*). (1)
- 1.2 Voeg 'n 6pt paragraaf spasiëring voor en na die hele dokument. (1)
- 1.3 Pas 'n saamgeperste spasie (*condensed spacing*) van **1 pt** op die opskrif "**What Is Heart Attack...**" op bladsy 3 toe. (2)
- 1.4 Gebruik 'n formateringsopsie vir die verhelderde (*highlighted*) woord **9-1-1** op bladsy 3 sodat die drie nommers en die koppelteken (-) tussen die nommers altyd saam sal bly. (2)
- 1.5 Die prentjie wat op bladsy 3 voorkom het 'n opskrif (*caption*) nodig, naamlik FIGUUR A. Plaas die opskrif (*caption*) bo die prentjie. (2)
- 1.6 Vind die verhelderde teks (*highlighted text*) "**agreed**" op bladsy 4.
  - Plaas 'n voetnota (*footnote*) met enige simbool langs die teks.
  - Maak seker die voetnota (*footnote*) lees "**Prescribed**". (2)
- 1.7 Pas die '**Happy Heart**' styl toe op die drie paragraafopskrifte wat groen geskakeer is (*shaded*) op bladsy 6 van die dokument. (2)

- 1.8 Pas multivlaknommering (*multilevel numbering*) toe op die paragrawe onder die opskrif '**Heart Attack Symptoms**' wat genoem word op bladsy 5 soos hieronder aangedui.

**Symptoms of a heart attack include:**

- 1) Discomfort, pressure, heaviness, or pain in the chest, arm, or below the breastbone
- 2) Discomfort radiating to the back, jaw, throat, or arm.
- 3) Other symptoms include
  - a) Fullness, indigestion, or choking feeling (may feel like heartburn)
  - b) Sweating, nausea, vomiting, or dizziness
  - c) Extreme weakness, anxiety, or shortness of breath
  - d) Rapid or irregular heartbeats
- 4) During a heart attack, symptoms last 30 minutes or longer and are not relieved by rest or nitroglycerin under the tongue.
- 5) Some people have a heart attack without having any symptoms (a "silent" myocardial infarction). A silent MI can occur in anyone, but it is more common among people with diabetes.

(3)

- 1.9 Redigeer die paragrawe (opskrifte ingesluit) wat begin met "**How Are Future Heart...**" en eindig met "**...controlling stress**" op bladsy 6.

- Plaas die drie paragrawe in 3 kolomme met 'n lyn tussen kolomme.
- Spasie tussen kolomme moet presies 0.5 cm wees.
- Verseker dat die drie paragraaf opskrifte altyd bo-aan 'n kolom verskyn.

(4)

- 1.10 Redigeer die aanhaling (*citation*) wat ingevoeg is op bladsy 7 onder die '**Citations**' sodat die naam van die skrywer ingevoeg en opgedateer kan word na "**James Beckerman**".

(2)

- 1.11 Verander die laaste bladsy van die dokument se bladsy-oriëntasie na landskap.

(1)

- 1.12 Voeg die Inhoudsopgawe (*Table of Contents*) in op die tweede bladsy.

- Gebruik 'n eiesoortige (*distinctive*) formaat.
- Gebruik net die drie *styles* naamlik "**Love Heart**", "**Heart Care**" en "**Happy Heart**" in die Inhoudsopgawe (*Table of Contents*).

(3)

- 1.13 Voeg outomatiese bladsynommering vir die dokument soos volg in:

- Plaas 'n bladsynommer in die onderskrif (*footer*) in enige formaat.
- Verseker dat geen bladsynommers op die eerste of die laaste bladsy van die dokument is nie.
- Die bladsynommering moet begin by bladsy 2. Die 2de bladsy moet 1 genummer word.

(5)

- 1.14 Stel die linker en onderste kantruimtes op **1.5 cm**.

(1)

**[32]**

## VRAAG 2: WOORDVERWERKING

'n Vorm is ontwerp in Word om basiese inligting te versamel oor mense se bewustheid aangaande Hartkwale en die basiese leefstyle van mense.

Maak die **2\_Heart Aware** woordverwerkingsdokument oop.

- 2.1 Bring 'n teksskakering (*text shading*) aan vir die opskrif "**AM I AWARE...**" van enige kleur. (2)
- 2.2 Formateer die teksvormveld (*text form field*) vir die opskrif **Surname** sodat:
  - Dit 'n maksimum van 20 karakters kan akkommodeer.
  - Dit in HOOFLETTER moet wees. (2)
- 2.3 Verander die **Age**-veld (*field*) sodat:
  - Die maksimum lengte van die nommers 2 is.
  - Voeg 'n help teks in sodat wanneer die (F1) sleutel gedruk word dit "**Enter numbers between 20 and 70**" lees. (3)
- 2.4 Voeg 'n merkblokkievormveld (*check box form field*) in vir die **Male**- en **Female**-opsie. Die merkblokkie (*check box*) se grootte moet presies 15pt wees. (2)
- 2.5 Vind die Aftuimelvormveld (*Drop-Down form field*) langs die opskrif **Your main factor of concern:**
  - Voeg die opsie **Smoking** by die bestaande lys. (1)
  - Die **Smoking**-opsie moet aan die bokant van die lys verskyn. (1)
- 2.6 Die vyf hoofoorsake van hartaanvalle word weergegee in die vorm van 'n *AutoShape* soos in die figuur aangetoon. Bring asseblief die volgende verandering aan die vorms (*shapes*) aan:
  - Groepeer die '*shapes*' vir **Smoking** en **Fatty Diet** sodat hulle gegroepeer word as 'n enkel voorwerp (*single object*) saam met die res van die vorms (*shapes*). (2)
- 2.7 Stel en voeg 'n 10 cm regs gebonde gidsstippie bladleier (*right aligned dashed leader tab*) vir 4 lyne (een lyn na die ander) na die opskrif "**Please tell us about your daily life style**". (2)
- 2.8 'n **Vergelyking** (**equation**) om die *Body Mass Index* (BMI) te vind moet geplaas word in die geskakeerde area (*shaded region*) onder die opskrif **Calculate your BMI (Body Mass Index) here:**  
Voeg die volgende formule in die spasie wat voorsien word:

$$\text{Body Mass Index} = \frac{\text{Weight}}{\text{Height}^2}$$

(3)  
[18]

**VRAAG 3: SIGBLAD**

Die statistiese verslag vir 'n hartverwante studie wat gedoen is by **Life Possible Mission Hospital** is gestoor in die **3Heart\_Stat**-sigblad.

Maak die **3\_Heart Stat**-sigblad oop en werk in die **Patient Details** werkblad.

- 3.1 'n Waarde (*Value*) wat poog om die huidige tyd (*current time*) te vertoon, verskyn in sel **O1**.  
Vervang die waarde (*value*) met 'n funksie wat outomaties net die huidige tyd (*current time*) sal vertoon. (1)
- 3.2 Voeg saam (*Merge*) en sentreer die selle **A1** tot **L1**. (1)
- 3.3 Voeg die prentjie **3\_Heart Beat.jpg** in sel **A2** met 'n hoogte van **1 cm** en 'n breedte van **15 cm**. (3)
- 3.4 Gebruik 'n geskikte teksfunksie (*text functions*) om die pasiënt kode in sel **A5** te skep. Die kode is geskep deur die volgende te kombineer:
  - Eerste letter vanaf die naam
  - Gevolg deur die lengte van die van
  - Die ouderdom van die pasiënt
 Voorbeeld: Die pasiënt kode vir 'Carl Raymond' sal **C725** wees. (6)
- 3.5 Voeg 'n funksie in sel **I5** om *Body Mass Index* vas te stel van die pasiënt wat as volg bereken moet word:
  - Gewig in kolom **G** van die pasiënt gedeel deur die kwadraat (*square*) van die hoogte in kolom **H** (in meter).
  - Formateer die antwoord na geen desimale plekke.
 LW: Let asseblief dat die hoogte in kolom **H** in sentimeters gegee word en dat dit verwerk moet word na meters deur van die waardes in sel **N2** en **O2** gebruik te maak. (5)
- 3.6 Pas voorwaardelike formatering (*conditional formatting*) toe op die BMI waardes wat in kolom **I** gegee word.
  - Top 3 waardes moet altyd geskadeer (*shaded*) wees.
  - Voeg 'n dun horisontale "crosshatch" patroon styl (*pattern style*) met geel patroon (*pattern*) kleur. (3)
- 3.7 Dit is nodig om elke pasiënt onder 'n verskillende BMI-kategorieë te kategoriseer. Hulle sal gekategoriseer word volgens hulle BMI wat in kolom **I** weergegee word. Die BMI reeks en kategorieë is gestoor in die **BMI Category** werkblad. Gebruik 'n VLOOKUP funksie in sel **N5** in die **Patient Details** werkblad om die korrekte BMI kategorieë van die pasiënt te vertoon. Kopieer die funksie na die res van die selle. (6)
- 3.8 Bereken in sel **G26**, hoeveel mans (**males**) eet 'n gesonde dieet (gegee in kolom **M**). (5)
- 3.9 Bereken die aantal pasiënte wat nie-rook nie, in sel **G28**. (2)
- 3.10 Bereken die gemiddelde bedrag geld wat maandeliks spandeer word op gemorskos (*junk food*) deur die pasiënte, in sel **G30**. Rond die antwoord af tot geen desimale plekke. (4)

- 3.11 Die studie wat deur die lab gedoen is wys dat meer geld deur vrouens gespandeer is op gemorskos (*junk food*) op 'n maandelikse basis as deur mans. Bereken in sel **G32** die maandelikse bedrag wat deur vrouens op gemorskos (*junk food*) spandeer word. (4)
- 3.12 Die hospitaal het toetse gedoen op die bloedsuikervlakke (*blood sugar levels*) van al die pasiënte, dit word aangedui in *column J*, om te bepaal of die pasiënte dalk diabetes het of nie.


Bloedsuikervlakke	Diabetes
Bloedsuikervlak groter as of gelyk is aan 120	Heel Waarskynlik
Bloedsuikervlak tussen 80 en 119	Minste Waarskynlik
Bloedsuikervlak kleiner as 80	Geensins Waarskynlik

Voeg 'n funksie in sel **P5** om te bereken of die pasiënt '**Carl Raymond**' dalk diabetes het of nie.

Kopieer die funksie wat jy bygevoeg het in sel **P5** na selle **P6:P24**. Maak seker dat dit reg werk. (5)

Werk in die **Graph**-werkblad.

- 3.13 Verander die grafiek sodat dit as volg vertoon:



#### NOTA:

- Voeg data-etiket (*data label*) slegs op die hoogste waarde in die grafiek.
- Vul die hoogste databalkie (*data bar*) met die prentjie **3\_Overweight.jpg** en voeg 'n swart buitelyn (*outline*) om.
- Gebruik 'n formateringsopsie om die x-as se waardes in omgekeerde volgorde (*reverse order*) aan te dui soos in die skermkopie (*screenshot*).
- Vertoon die vertikale gidslyne (*gridlines*) vir meer belangrike (*major*) en minder belangrike (*minor*) eenhede.

Stoor en maak **3\_Heart Stat**-sigblad toe.

(5)  
[50]



**VRAAG 4: DATABASIS**

'n Databasis vir toekomstige verwysing is ontwerp vir die pasiënte wat behandel is by die hospitaal.

Maak die databasis **4\_Heart Patients** oop.

Formateer die **Patient Details** tabel soos volg:

- 4.1 Verander die hoogte van die ry na 20pt. (1)
  - 4.2 Verseker dat die vertikale gidslyne (*gridlines*) sigbaar is. (1)
  - 4.3 Voeg 'n '*customised*' alternatiewe ry kleur toe tot die tabel op so 'n manier dat die **R (Rooi)**, **G (Groen)** en **B (Blou) kleurvlakke** 200, 210 en 220 onderskeidelik is. (3)
  - 4.4 Gebruik 'n eienskap (*feature*) om die gemiddelde van al die ouderdomme in die '**Age**'-kolom vas te stel, geredigeer na geen desimale plekke. (2)
  - 4.5 Ontwerp 'n toevoermasker (*input mask*) op die **Patient Code**-veld om te verseker dat die gebruiker 'n kode kan insit wat as volg saamgestel word:
    - Twee verpligte hoofletters
    - Gevolg deur 'n afkapping (-)
    - Twee verpligte nommers en een opsionele nommer
    - Gevolg deur 'n afkapping (-)
    - Daarna die hoofletters LPH
- Voorbeeld: **AB-112-LPH** of **YZ-99-LPH** kan ingevoeg word. (6)
- 4.6 Kies 'n geskikte primêre sleutel (*primary key*). (1)
  - 4.7 Verander die data tipe van die '**Money spent on junk food**'-veld na geldeenhede (*currency*). (1)

**[15]**

## VRAAG 5: DATABASIS

Data is versamel aangaande pasiënte en hulle verskillende hartverwante probleme.

Maak die **5\_Heart**-databasis oop.

5.1 Pas die **Patient\_History** tabel soos volg aan:

Voeg 'n swart gidslyn (*gridline*) kleur en ingesinkte (*sunken*) sel effek in vir die tabel. (2)

5.2 Werk op die **Gender**-veld.

5.2.1 Voeg 'n valideringsreël (*validation rule*) in op die **Gender** veld sodat dit net die waarde *manlik* of *vroulik* sal aanvaar. Voeg 'n toepaslike valideringstekst (*validation text*) in sodat die inskrywing geskik sal wees. (3)

5.2.2 Formateer die **Gender**-veld op so 'n wyse dat dit duplikaatwaardes sal aanvaar. (1)

5.3 Maak die **Age**-veld 'n verpligte (*required*) veld. (1)

5.4 Skep 'n navraag genaamd **qry5\_4** wat gebaseer is op die **Patient\_History**-tabel.

- Vertoon slegs die volgende velde **Name, Age, Height (in cm), Body Mass (in kg) en BMR** (sien die volgende kolpunte).
- Voeg 'n berekende veld (*calculated field*) genaamd **BMR** in om die Basal Metabolic Rate vir al die vroulike pasiënte soos volg te bereken:

$$\text{BMR(women)} = 655.0955 + (9.5634 \times \text{body mass in kg}) + (1.8496 \times \text{height in cm}) - (4.6756 \times \text{age in years}) \quad (7)$$

5.5 Open die navraag **qry5\_5**. Vertoon net die rekords van die pasiënte wie se ...

- 'Systolic' bloeddruk (*blood pressure*) meer is as 120, en
- 'Diastolic' bloeddruk (*blood pressure*) nie meer as 95 mag wees nie en nie minder as 90 nie, en
- Waar dit aantoon watter pasiënte mediese aandag nodig het onder die '**suggested action**'-veld. (6)

5.6 Ontwerp 'n vorm genaamd **frm5\_6** wat gebaseer is op die **Patient\_History**-tabel.

- Gebruik slegs die volgende velde **Name, Gender, Sugar Level en Risk**.
- Verander die opskrif in die vormkopskrif (header) na **Patient Sugar Levels**.
- Maak seker dat die skeidingslyne (*dividing lines*) sigbaar is.
- Maak die verstekwaarde (*default*) 'view' van die vorm aaneenlopend (*continuous*).
- Plaas die prentjie **5\_Sugar Level.jpg** met 'n hoogte en breedte van **5cm** in die beskrywingseksie (*detail section*) van die vorm. Maak seker dat al die data sigbaar is nadat die prentjie ingesit is. (6)

5.7 Skep 'n verslag (*report*) en noem dit **rpt5\_7** wat gebaseer word op die navraag **qry5\_7**.

- Vertoon slegs die volgende velde **Name, Gender, Sugar Level (mmol/L) en Risk**.
- Groepeer die rekords gebaseer op die **Sugar Level (mmol/L)** veld en stel die groep intervale (*grouping intervals*) op 10'e.
- Pas voorwaardelike formatering (*conditional formatting*) toe op die **Risk** veld sodat die pasiënte met 'n Baie Hoë risiko (*Very High risk*) in rooi geskakeerde (*shaded*) kleur vertoon word.
- Voeg 'n berekening in die groeponderskrif (*group footer*) om die totale aantal rekords onder elke kategorie te tel. Maak seker dat 'n geskikte opskrif vir die berekening gegee word. (7)

[33]

## VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)

'n Webblad is ontwerp om eerstehandse inligting aan mense te verskaf wat heeltemal onbewus is van hartkwale.

Maak die onvolledige **6\_HealthyHeart**-webblad in 'n webblaaiër asook in 'n teks-HTML-redigeerder oop bv. *Notepad*.

### LET WEL:

- Vraagnommers is as opmerkings (*comments*) in die kodering ingevoeg as riglyne om aan te dui ongeveer waar die antwoord(e) ingevoeg behoort te word.
- 'n HTML-merkersblad (*tagsheet*) is as verwysing aangeheg.
- Jou finale webbladsy behoort soos die voorbeeld hieronder te lyk:

## Heart Disease & You

Heart Disease, also known as **Cardiovascular Disease**, is a broad term that describes the different diseases that can occur in your heart and blood vessels.

There are several diseases that fall into the category of Heart Disease. They include:

- High Blood Pressure
- Coronary Heart Disease
- Stroke
- Heart Failure
- Heart Attack

You have heart disease when you have one or more of the above.

---

### Stay In The GREEN ZONE Of The Blood Pressure Category Chart

Blood Pressure Category	Systolic mm Hg (Upper #)		Diastolic mm Hg (Lower #)
Normal	less than 120	and	less than 80
Prehypertension	120 - 139	or	80 - 89
High Blood Pressure (Hypertension) Stage 1	140 - 159	or	90 - 99
High Blood Pressure (Hypertension) Stage 2	160 or higher	or	100 or higher
Hypertensive Crisis (Emergency care needed)	Higher than 180	or	Higher than 110

---

With Heart Disease being the number one cause of death in people 65 and older, prevention is the first step you can take to benefit yourself.

#### What can you do?

- A. Talk to your Doctor
- B. Eat Less if Overweight
- C. Stop Smoking
- D. Lower Your Cholesterol
- E. Lower High Blood Pressure
- F. Get Regular Exercise


[Click here to view the TIPS on how to live a Healthy Life Style provided by THE HEART AND STROKE FOUNDATION SOUTH AFRICA](#)

Have Your Heart In The Right Place

- 6.1 Voeg die HTML-kode sodat die teks **Healthy Heart** in die webblaaier-oortjie (*browser tab*) vertoon. (2)
- 6.2 Verander die font van die hele webblad na 'Century Gothic' en grootte 3. (2)
- 6.3 Korrigeer die HTML-kode om die opskrif **Heart Disease & You** in *heading 1*-styl te vertoon. (1)
- 6.4 Verander die woord **Cardiovascular Disease** in die eerste paragraaf na vetdruk (*bold*) en kursief (*italics*). (2)
- 6.5 Bring die volgende veranderinge aan die twee horisontale lyne op die webblad. (2)
- Lyndikte na 3
  - Lynkleur na swart
- 6.6 Vind die tabel in die middel van die bladsy net na die opskrif **Stay In The GREEN ZONE Of The Blood Pressure Category Chart**. (2)

Voeg HTML-kode in om die tabel as volg te formateer:

- Voeg die prentjie **6\_Heart Pressure.jpg** in as die derde kolomopskrif in die eerste ry van die tabel soos hieronder vertoon word:

Stay In The GREEN ZONE Of The Blood Pressure Category Chart			
Blood Pressure Category	Systolic mm Hg (Upper #)		Diastolic mm Hg (Lower #)

- Voeg 'n ry onderaan die tabel met die volgende data soos hieronder aangedui:

Hypertensive Crisis (Emergency care needed)	Higher than 180	Or	Higher than 110
---	-----------------	----	-----------------

- Verander die agtergrondkleur (background) van die nuwe ry na rooi. (6)
- 6.7 Vind die lys met kolpunte na die opskrif **What can you do?** (2)
- Verander die merkers (*tags*) om te verseker dat die items as 'n geordende (*ordered*) lys verskyn.
  - Redigeer die gelyste nommers sodat dit 'n in alfabetiese hoofletters verskyn, bv. A, B.
- 6.8 Koppel (Link) die teks op die webbladsy wat begin met **Click here to...** aan die lêer **Healthy Life Style.pdf** wat in die eksamengids (*examination folder*) voorkom. (2)
- 6.9 Sentreer die teks aan die onderkant van die webbladsy wat lees **Have Your Heart...** (1)

[20]

**VRAAG 7: ALGEMEEN**


7.1 Maak die **7\_Food Diary**-woordverwerkingsdokument oop.

7.1.1 Voeg saam (*merge*) die eerste twee selle in die laaste ry van die tabel. (1)

7.1.2 Gebruik 'n funksie in die geel geskadeerde area, om vas te stel wat die totale aantal kalorieë verbruik deur 'n persoon per dag is. (2)

7.1.3 Vind die organogram op die tweede bladsy van die dokument.

- Voeg 'n vorm (*shape*) voor die vorm (*shape*) genaamd **Fruits** sodat dit lees **Healthy Protein** en dit lyk soos die prentjie hieronder.



(2)

7.2 Maak die **7\_CHD Death Rates**-sigblad oop.

7.2.1 Die **Death Rates** werkblad wys die grafiek van sterftekoerse (*death rates*) van "Coronary Heart Disease" onder nasies per 100 000 mense van ouderdomme 35 – 74. Ongelukkig kom Suid-Afrika (**South Africa**) nie in die grafiek voor nie. Maak die grafiek reg sodat Suid-Afrika op die grafiek kan verskyn, met die korrekte sterftekoers (*Death Rate*). (2)

7.2.2 Gebruik 'n sigbladeienskap (*feature*) om die waarde in sel **B7** in die **Death Rates** werkblad met die sel **G7** in die **SA Death Rate** werkblad te verbind sodat dit outomaties opdateer. (2)

7.3 Maak die **7\_Awareness** woordverwerkingsdokument oop.

Gebruik die **Patient Details**-tabel in die databasis **4\_Heart Patients** en berei 'n saamvoeg (*mail merge*) as volg voor:

- Vervang die tekse '*Name*' and '*Surname*' boaan die dokument met die velde **Name** en **Surname**. (3)
- Stoor die dokument.
- Voltooi die saamvoeg (*merge*).
- Stoor die saamgevoede dokument as **7\_AwarenessInvitation** in die eksamengids. [12]

Stoor en maak al die dokumente toe.

**TOTAAL: 180**

## AANHEGSEL A - HTML MERKBLAD (HTML TAG SHEET)

Basiese Merkers (Basic Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
<body></body>	Definieer die liggaam van die webblad
<body bg colour="pink">	Stel die agtergrondkleur van die webblad
<body text="black">	Stel die kleur van die liggaamteks
<head></head>	Bevat inligting oor die dokument
<html></html>	Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad
<title></title>	Definieer 'n titel vir die dokument
<!-- -->	Kommentaar
Teksmerkers (Text Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
<h1></h1>	Skep die grootste opskrif
<h6></h6>	Skep die kleinste opskrif
<b></b>	Skep teks in vetdruk
<i></i>	Skep teks in skuinsdruk
<font size="3"></font>	Stel fontgrootte van "1" tot "7"
<font colour="green"></font>	Stel fontkleur
<font face="Times New Roman"></font>	Stel fonttipe
Skakelmerkers (Link Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
<a href="URL"></a>	Skep 'n hiperskakel
<a href="URL"></a>	Skep 'n prentskakel
<a name="NAME"></a>	Skep 'n teikenarea
<a href="#NAME"></a>	Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is
Formateringsmerkers (Formating Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
<p></p>	Skep 'n nuwe paragraaf
<p align="left">	Stel 'n paragraaf links inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees
 	Voeg 'n reëlbreuk ('line break') in
<ol></ol>	Skep 'n genummerde lys
<ol type="A","a","I","i","1"></ol>	Definieer die tipe nommers wat gebruik is
<ul></ul>	Skep 'n kolpuntlys
<ul type="disc","square","circle"></ul>	Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word

Formatting Tags continued	
Merker (Tag)	Beskrywing
<li></li>	Word voor elke lysitem ingevoeg, en voeg dan 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is
	Voeg 'n prent in
	Stel 'n prent inlyn: kan ook "right", "center", "bottom", "top", "middle" wees
	Stel die grootte van die raam rondom 'n prent
	Stel die hoogte en breedte van 'n prent
	Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind word nie
<hr/>	Voeg 'n horisontale lyn in
<hr size="3"/>	Stel die grootte (hoogte) van 'n reël
<hr width="80%"/>	Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde
<hr colour="ff0000"/>	Stel die kleur van die lyn
Tabelmerkers (Table Tags)	
Beskrywing	Beskrywing
<table></table>	Skep 'n tabel
Skep 'n ry in 'n tabel	Skep 'n ry in 'n tabel
Skep 'n sel in 'n tabel	Skep 'n sel in 'n tabel
Skep 'n tabelopskrif (in 'n sel met algemene vetgedrukte, gesentreerde teks)	Skep 'n tabelopskrif (in 'n sel met algemene vetgedrukte, gesentreerde teks)
Stel die breedte van die tabel	Stel die breedte van die tabel
Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel	Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel
<table cellpadding="1">	Stel die spasie tussen die selle van die tabel
Stel die spasie tussen 'n selraam en die inhoud daarvan	Stel die spasie tussen 'n selraam en die inhoud daarvan
Stel die inlynstelling vir die sel(le) (kan ook "center" of "right" wees)	Stel die inlynstelling vir die sel(le) (kan ook "center" of "right" wees)
Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) (kan ook "middle" of "bottom" wees)	Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) (kan ook "middle" of "bottom" wees)
Stel die getal kolomme waarvoor 'n sel moet strek	Stel die getal kolomme waarvoor 'n sel moet strek
Stel die getal rye waarvoor 'n sel moet strek	Stel die getal rye waarvoor 'n sel moet strek



